MUNISIPALE KENNISGEWING 54 VAN 2021

KENNISGEWING VAN VOORNEME DAT DIE PHOKWANE PLAASLIKE MUNISIPALITEIT SY RAAMWERK VIR RUIMTELIKE ONTWIKKELING WIL HERSIEN.

Phokwane Plaaslike Munisipaliteit gee hiermee kennis dat hy van voorneme is om die munisipaliteit se Raamwerkplan vir Ruimtelike Ontwikkeling van 2014 te hersien, in terme van artikels 20 (3)(a) van die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruik van 2013 (Wet 16 van 2013 en Artikel 28 (3) van die Wet op Munisipale Stelsels van 2000 (Wet 32 van 2000).

Die uitsluitlike doel van die Raamwerkplan vir Ruimtelike Ontwikkeling is om ‘n strategie daar te stel vir ruimtelike, sosiale, omgewings en ekonomiese ontwikkeling binne die grense van die munisipaliteit. Die Raamwerkplan vir Ruimtelike Ontwikkeling sal ook die voortgesette riglyne bepaal vir die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan van die munisipaliteit. Dit sal ook dien as beleidsraamwerk vir munisipale besluitneming met die oog op volhoubare, geïntegreerde en ekonomies haalbare ontwikkeling in die Phokwane munisipale gebied.

Belangstellendes en geaffekteerde partye word uitgenooi om hul belangstelling te registreer en sal in kennis gestel word van die vordering van die projek tydens die verskillende fases.

Aansoeke vir registrasie moet gerig word aan Mnr. N.F. Netshivhodza te telefoon 053 838 0929 of freddy@fbdm.co.za.

Die sluitingsdatum vir aansoeke sluit 60 dae na die datum van hierdie kennisgewing.

ME. ZM. BOGATSU: MUNISIPALE BESTUURDER: 51 DRAKENSBERGLAAN, KIMBERLEY, 8301.